## 13 Januarie Sagaria 6

### *Die Spruit sal die tempel van die Here bou*

Hier het ons die belofte dat in die volheid van die tyd daar Iemand, 'n Man, sal kom, die Spruit, wat 'n groter Priester sal wees as Josua, 'n groter Koning sal wees as wat daar nog ooit was. Hierdie groot Priester en Koning is niemand anders nie as Jesus Christus wat in Bethlehem as die beloofde Spruit van Dawid sou kom: Daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, en op Hom sal die Gees van die Here rus (Jes. 11:1, 2).

Soos Josua 'n instrument in die hand van die Here was met die bou van die tempel, so sal hierdie groot Priester die tempel, kerk van die Here, bou deur al die gelowiges in Hom te vergader. Jesus Christus is dus nie net die Fondament waarop die kerk gebou word nie, maar Self ook die Bouer. Daarom word die tempel, of dan die kerk, in 1 Petrus 2:5 die geestelike huis van God genoem.

Daarom, as ons die stene wil wees wat in hierdie geestelike huis van God ingebou moet word, moet Jesus Christus deur die geloof in ons en ons in Hom wees (Rom. 8:10).

Mag die Here gee dat ons as stene nie weggegooi sal word nie, maar as goed genoeg beskou sal word om in sy geestelike huis ingebou te word. Dit kan alleen gebeur as ons deur die geloof in die Spruit, Jesus Christus, ingeënt is.

Maar onthou, almal van ons kan nie hoekstene wees nie, daarom moet ons tevrede wees waar die Bouer ons inbou.

Sing: Psalm 127:1 Ds. H.J. Venter (Bethal)